
# Die Sawanant

Vrugtefees Januarie 2012 SOMER 2012



Skimkamp Bridgetown Februarie 2012



Oostewal Maart 2012



## SAWA – SUIDWES-KAAP

Aangewys as **Beste Nuusbrief vir 2008/09**
Aangewys as **Beste Nuusbrief vir 2009/10**
Aangewys as **Beste Nuusbrief finalis vir 2010/11**

**McDonald** **Makelaars / Brokers**

FSB15826 Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer

Tel: (021) 919-7074
Faks: (021) 910-1792

E-pos: mcdonaldmkls@mweb.co.za

<u>Spesiale aanbod aan Sawanante</u>

Ons doen die volgende:

**Testamente en boedels**
**Eiendomsbeleggings**
**Lewens- en uitkeerversekering**
**Aftreebeplanning**
**Korttermynversekering**

Baie dankie aan die lede wat ons alreeds ondersteun

**John en Engela McDonald**


**WEST MAC SERVICE CENTRE**

Avatara Kleinhoewe/Van Zyl`s Rus Kuilsrivier Tel. 021-9036700 24hr

Hiermee nooi ons u uit om ons werkswinkel te kom besoek vir uitstekende diens, en die beste gehalte werk beskikbaar.

Ons diens is reeds wel bekend onder ons kliente en ons sien uit daarna om vir U van diens te kan wees.

Vir SAWA lede bied ons 'n 10% afslag aan en aan al ons senior lede 'n verdere 5%. Maak nou gebruik van hierdie aanbod en kry u voertuig gereed vir die vakansie.




Wanneer u die adverteerder skakel – noem asb. dat u reageer op 'n advertensie in Die Sawanant.

# *Die Sawanant: Suidwes-Kaap*


Uitgawe No. 2 Somer 2012

**Inhoudsopgawe** **Bladsy**

Suidwes-Kaap Bestuur 2011/12 .... 4
SAWA Erekode .... 5
SAWA Erekode in Jeugtaal .... 5
Voogdelys .... 6
Oordenking .... 7
Redaksioneel .... 7
Uit die Voorsitter se Pen .... 8
Gebied Goeie Hoop: Kampe 2012 .... 9
Verjaarsdae .... 11
Jeug Verjaardae .... 11
Lief en Leed .... 12
Leer ken ons mede Suidwes-Kaap lede .... 13
Baviaanskloof – Oktober 2011 – deur John Mitchell .... 15
Kampverslag: Vrugtekamp by Ou Skip (Jan 12) .... 16
Kampverslag: SKIMM KAMP Bridgetown 2012 .... 18
Kampverslag:Oostewal (21 – 24 Maart 2012) .... 20
Kopkrapblad .... 22
Kleuterhoekie .... 23
Lekker inkleur .... 23
Bring aselief saam kamp toe. Daar is 'n prys te wen. .... 23
Ons het ons kind verkoop. .... 24
Sleepresepte .... 25
Insette van ons lesers .... 25

Foto's op voorblad: Vrugte fees. Skimmkamp en Oostewal.

# Suidwes-Kaap Bestuur 2011/12




**Voorsitter**
Pieter Henning
Seddonstraat 36, Parow, 7500
Tel (h): 021 930 3044
Tel (w): 021 440 4790
Sel: 082 339 3603
Faks: 021 421 4025
E-pos: pieterh@absa.co.za



**Ondervoorsitter**
Niël Goslett
Koorsboomsingel 33, Vredekloof, Brackenfell, 7560
Tel (h): 021 981 2662
Tel (w): 021 888 2662
Faks: 021 888 2680 / 0866127 747
Sel: 083 305 7366
E-pos: dgoslett@csir.co.za



**Sekretaresse**
Isabel Steyn
Posbus 1108
Cape Gate ,7562
Tel (h): 021 982 2958
Sel :083 644 6766
Epos: isabels@feedempitseng.co.za



**Penningmeester**
Janine Theron
Breekhoutstraat 8, Rouxville,
Kuilsrivier 7580
Tel (h): 021 903 0798
Tel (w): 021 948 6659
Sel: 073 232 8858
Faks: 086654538
E-pos: theron.pj@mweb.co.za



**Skakelbeampte**
Paul Steyn
Posbus 1108
Cape Gate ,7562
Tel (h): 021 982 2958
Tel (w):
Sel: 074 484 21111
Faks:
E-pos:paulsteynco.za@telkomsa.net



**Jeug**
Deon Toerien
61 Fissherman's Village
Capricom Beach, 7945
Tel (h):
Tel (w):
Sel: 084 452 4025
Faks:
E-pos: d.toerien@thcf.nl



**Seniorburger verteenwoordiger**
Dave Griessel
Tierbergweg 85, Parow, 7500
Tel (h): 021 930 4035
Sel: 072 875 4014



**Redaktrise**
Judy Hendra
15 Gardenia Way, Ridgeworth Bellville, 7530
Tel (h): 021 914 5147
Tel (w): 021 914 5147
Faks: 086 586 1698
Sel: 083 362 6901
E-pos: mwhendra@iafrica.com

# SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.

Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.
2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.

# SAWA Erekode in Jeugtaal

1. Ek sal my bes probeer om Christelik op te tree teenoor al my maats.
2. Ek sal help waar ek kan en vir ander maats vertel van SAWA.
3. Ek sal nie bome of plante verniel of afpluk nie, en die diere en voëls beskerm en bewaar.
4. Ek sal nie in die toilette speel of mors nie want ander wil dit ook graag gebruik.
5. Ek sal met my SAWA maats vriendelik wees en nie met hulle baklei nie.
6. Ek sal nie lelike dinge doen sodat ander mense sê SAWA kinders is stout nie.

U is welkom om enige sake van SAWA belang onder die betrokke bestuurslid se aandag te bring. Stuur ook asb. gereeld nuusbrokkies vir die nuusblad.

# Voogdelys

**Pieter Henning:** Johnny en Jutta Louw, Martin Booker, Louis & Elsabe Havenga, Pieter & Sonja Bantjes, Floris & Rosemarie Conradie, Hans & Tienie Havenga.

**Niël Goslett:** John & Engela McDonald, Frikkie en Susan Gerber, Tommie & Yolanda Bestbier, Piet & Antoinette Steyn, Pierre & Marée Basson, Wouter & Christelle Van Zyl, Tinkie & Elize De Kock

**Janine Theron:** Niel & Leoni Coetzee, Bennie Pienaar, Maggie Wilson Barend & Judith Hagen, Marius & Hennieta Beukman, Kevin & Mariana Galvin, Fanie & Alet Strydom, Juan & Christina van der Westhuizen.

**Isabel Steyn:** André & Christa Schillig, Herman & Marieta Gerber, Willem & Jakkie Conradie, Jean & Jenette Heyneke, Freddie Truter,
Anton & Amanda Kruger, Koos & Hendriena Oosthuizen.

**Deon Toerien:** Kobus & Nicolette Botha, Johan & Adri Havenga, Frans & Bettie Reinke, Evert & Hazel Lategan, André & Elmarie Botha, Johan & Hanlie Rossouw, Paul & Tertia Marais.

**Paul Steyn:** Gerrit & Ilona Bruwer, Danny en Theresa Le Roux, Johan & Rozette Viljoen, Jan & Petru Meyer, Dennis & Louise Mitchell, Faul & Adrie Retief, Spook Els.

**Dave Griessel:** Raymond & Tessa Williams, Carlo & Melanie van Zyl, Bobby & Hanna Goslett, Gert & Therina Vermeulen, Carla Smit, Archie & Anette Mitchell, Dries & Belinda Erasmus, John & Agnus Mitchell.

**Judy Hendra:** Jaco & Monja Greyling, Nelius & Mia Louw, Peter & Anina Hardcastle, Sparus & Neel Nigrini, Tommie & Theresa Scheepers, Johan & Ohna Oosthuizen.

**Feite:**

***Kan lede op die bestuur gekoöpteer word?***

Ja, ons grondwet maak voorsiening daarvoor. Tans is daar drie lede wat op die bestuur dien wat gekoöpteer is: Oom Dave Griessel as Seniorverteenwoordiger en Judy Hendra as Redaktrise en Isabel Steyn as sekretaresse.

# Oordenking

## Moenie uitsak nie


**Die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem. Hebreërs 12:6**

**Het jy ooit gewens jy kon jou lewe oorhê?**
**Dalk probeer jy 'n doelwit bereik en dinge werk net nie vir jou uit nie.**
**Dalk is jy moeg om te voel of God altyd vir jou nog 'n les het terwyl ander mense deur hierdie aardse leerskool dartel en aanbeweeg.**
**Soms is dit moelik om te aanvaar dat jy alleen dissiplinering nodig het. Het niemand anders dit nodig nie?**
**Die antwoord op hierdie vraag is natuurlik dat almal wat ingeskryf is by God se skool deel het aan Sy opleiding. Ons kry die goeie en die slegte omdat dit alles deel is van die opleiding.**
**Die goeie nuus is hoe nader ons kom aan graduering, hoe noukeuriger maak God seker dat jy al die vaardighede het om aan te beweeg na die volgende vlak.**

**Moenie moedeloos raak nie. Jy is 'n wonderlike leerder en God wil net hê jy moet alles wees wat Hy bedoel het jy moet wees.**

*(Uit Karen Moore se boekie - Die vrug van die Gees. Eenminuut- oordenkings )*

# Redaksioneel


*Deur Judy Hendra*

Baie welkom by die Somer uitgawe: van Die Sawanant.
Nuus vir Januarie / Februarie / Maart.

Ek wil graag begin om 'n GROOT dankie te sê vir die volgende Sawanante wat nuus brokkies vir die uitgawe geskryf het, asook vir die Naweek in Beeld.
André Schillig, John & Agnes Mitchell, Johan en Ohna Oosthuizen, John en Engela Mc Donald en Niël & Rozel Goslett. Fanie & Alet Strydom vir Ken Mekaar.
Dit maak dit soveel meer interessant as almal iets skryf.
Lekker Lees.



*Deur Pieter Henning*

## Uit die Voorsitter se Pen

Hallo Sawanante!

Die eerste drie maande van die nuwe jaar is alweer verby en dit het met ‘n groot klomp aktiwiteite gepaard gegaan . Ons kinders se eerste mini eksamen/toets reeks is agter die rug en hulle geniet ‘n welverdiende blaaskans.

Die jaar is afgeskop met ons vrugte- en fietsfees te Ou Skip. Met ‘n goeie bywoning syfer het almal dit baie geniet en was die aktiwiteite goed ondersteun. Die fietsfees was weer ‘n groot uitdaging vir baie en het dit vir baie vermaak gesorg. Daarna was dit ons tradisionele Skim-kamp wat ons ‘n nuwe terrein te Moorreesburg laat sien. Wel gedaan Paul en span. Weereens was dit ‘n treffer met ‘n 52% bywoning syfer. Ek is seker ons sal weer vir Bridgetown besoek. Die naweek was besig en baie warm, maar gelukkig was die Bergrivier daar om te gaan afkoel. Die laaste kamp vir hierdie kwartaal was by Ooste(R)wal in Langebaan. Wat veronderstel was om ‘n rustige kamp te wees, het toe ‘n paar moeë manne agtergelaat. Om ‘n 20/20 krieket toernooi op die sand te speel was nie so maklik nie en was daar ‘n paar met seer spiere na die tyd. Dankie Joanine en Theuns, onthou daar sal definitief ‘n herontmoeting wees. Met die kriptiese vasvra van Oom Dave het hy almal laat wonder en dink, maar gelukkig was die korrekte antwoorde aan die einde van die kamp uitgedeel.

Ons toerreëlings na Hartenbos is in ‘n gevorderde stadium en ons kyk met groot opwinding uit daarna. As daar nog belangstelling is en nog nie laat weet het nie, gee asseblief jou naam deur na Johan Oosthuizen, een van die toerleiers. Die kongres is ‘n belewenis vir enige SAWA-lid en die geleentheid word nou aan ons lede gegee om dit by te woon.

Wil graag ook my dank uitspreek teenoor die bestuur in die manier waarop hulle hul taak verrig en die goeie gesindheid waarin die vergaderings geskied en die manier waarop die sake hanteer word. Met sulke bekwame mense kan die klub net tot nuwe hoogtes groei en dis vir my ‘n voorreg om deel te wees van die span. Dit word ook duidelik weerspieël in die nuwe lede wat aansluit by ons. Verlede jaar het ons vier aansoeke gekry vir die hele jaar en tans staan ons op vyf aansoeke in die eerste kwartaal. Ek doen ‘n beroep op almal om die nuwe lede te laat welkom voel en om hulle te betrek sodat hulle kan deel raak van die familie. Kom ons fokus daarop om ander te dien in plaas daarvan om bedien te word.

Dit is met groot opgewondenheid dat ek uitsien na die res van die jaar. Uiteindelik is dit hoekom ons aan SAWA en Suidwes-Kaap behoort, want dit is so lekker om saam te ontspan en saam te kuier te midde van die hoe druk van die samelewing waarin ons leef. Kom ons probeer almal om ook ons onaktiewe lede weer by die kampe te kry. Dankie aan elkeen wat ook die vrymoedigheid het om gaste saam te nooi. Kom

ons onthou maar net ons waardestelsel en maak seker hulle sal ook ons waardes respekteer en uitleef en so lekker saam met die res van ons kamp.
En dan, aan ons Hemelse Vader, dankie vir wat ons kon beleef en ervaar. Ons weet alles is 'n geskenk uit U hand ontvang.
Sawa-groete
Pieter Henning

---

Ron's se SSM Braai
Cell 083 497 5034









**En braai by die huis raak amper so lekker soos by die kampe...............**

## Gebied Goeie Hoop: Kampe 2012

| ALBATROS | | | HELDERBERG | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 20 – 21 | Chapsmanspeak – Noordhoek | JAN | 27 – 28 | Kuilsrivier |
| Februarie | 17 – 18<br>24 – 25 | SWK – Skimkamp<br>Watervalle | *FEB* | *24 – 25* | Ou Skip |
| Maart | 16 – 17 | Leentjiesklip – | MRT | 16 – 17 | Hollandsche Molen |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Langebaan | | | |
| April | *27 – 30* | ***Silwerstrand-Robertson*** | *APRIL* | *27 – 1 Mei* | *Leentjiesklip* |
| Mei | 18 – 19 | Kleinmond | MEI | 25 – 26 | SKIMKAMP |
| Junie | 15 – 16 | Van Zyl's Rus | JUN | - | |
| Julie | - | | JUL | 27 - 28 | Goudini + Noord-Boland |
| Augustus | *17 – 18* | Mountain Breeze – AJV {Albatros reël} | ***AUG*** | ***17 – 18*** | **Mountain Breeze–AJV {Albatros reël}** |
| September | 7 – 8<br>**19 – 23** | ***Ganzekraal***<br>***KONGRES – Hartenbos*** | **SEPT** | **19 – 23** | ***KONGRES – Hartenbos*** |
| Oktober | 19 – 20 | Goudini Spa | OKT | 26 – 27 | Onrusrivier |
| November | 30 – 1 Des | KERSKAMP – MOUNTAIN BREEZE | NOV | 16 – 17 | KERSKAMP – Mountain Breeze |

## NOORD-BOLAND / SUIDWES-KAAP

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 20 – 21 | Skurwekop | JAN | 20 – 21 | Ou Skip |
| Februarie *[4 Oop NUB]* | 17 – 18 | Silwerstrand | FEB | 17 – 18 | Skimkamp |
| **Maart** | 9 – 10 | Hollandsche Molen | MRT | 23 – 24 | Langebaan – Oostewal |
| *April* | ***20-21***<br>*27 – 30* | ***Chapmansp***<br>***Guano Grotte K.*** | APRIL | 27 – 30 | Worcester Seiljagklub |
| Mei [12 NUB] | 18-19<br>25 – 26 | Leentjiesklip<br>Silwerstrand SWK. | MEI | 25 – 26 | Silwerstrand |
| Junie | 15 – 16 | Yzerfontein | JUN | - | |
| **Julie** | 27 – 28 | Goudini Held. | JUL | 20 – 21 | Goudini + Kaapzicht |
| Augustus *[4 NUB]* | *17 – 18* | *Mountain Breeze – AJV {Albatros reël}* | ***AUG*** | ***17 – 18*** | Mountain Breeze – AJV {Albatros reël} |
| September | 19 – 23 | ***KONGRES – Hartenbos*** | **SEPT** | 7 – 8<br>**19 – 23** | Night Sky<br>KONGRES – Hartenbos |
| **Oktober** | 26 – 27 | Mountain Breeze | OKT | 19 – 20 | Imhoff |
| November [10 NUB] | 16 – 17 | KERSKAMP – MONTAGU APPELKOSIE | NOV | 23 – 24 | KERSKAMP - Mountain Breeze |

## KAAPZICHT

| | | |
|---|---|---|
| Januarie | 20 – 21 | Porterville Watervalle |
| Februarie | 24 – 25 | Millers Point |
| **Maart** | 16 – 17 | Leentjiesklip |
| *April* | *27 – 30* | **Guano Grotte** |
| Mei | 25 – 26 | Imhoff |
| Junie | 15 – 16 | *Van Zylsrus* |

## SUIDWES-KAAP MET VOOGDEGROEPE

| Dag | Datum | Tipe kamp | Plek & Voogdegroep |
|---|---|---|---|
| 21-23 | Oktober | Streek | **Oostewal,** Nuwe Bestuur |
| 18-19 | November | Kerskamp | **Mountain Breeze.** Jeug & Redaktrise |
| 20-21 | Januarie | Vrugtefees | **Ou Skip,** Niël Goslett |
| 17-18 | Februarie | Skimkamp | "**Skimkamp**, Paul Steyn |
| 23- | Maart | Streek | **Oostewal-** Dave |

| | | |
|---|---|---|
| **Julie** | 20 - 21 | Goudini (Vriendskapsnaweek: Suidwes Kaap) |
| Augustus | *17 - 18* | Mountain Breeze AJV *{Albatros reël}* |
| September | 19 - 23 | Kongres – Hartenbos |
| **Oktober** | 19 - 20 | Skattejag kamp (Kampterrein verrassing) |
| November | 16 - 17 | OU SKIP |
| Desember | 7 – 8 | Nuwe kampterrein as tuisblyerskamp |
| | | |
| | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24 | | | Griessel |
| 26-28 | April | Streek | **Worcester Seiljag Klub**, Deon Toerien |
| 25-26 | Mei | Streek | **Silwerstrand**, Janine Theron |
| 20-21 | Julie | Gesinskamp | **Goudini,** Elsabé Schlechter |
| 17-18 | Augustus | Gesamentlike AJV | **Mountain Breeze** Niël Goslett |
| 7-8 | September | Bestuurs Kamp | **Night Sky** Nuwe Bestuur |
| 19-23 | September | Hartenbos | Afgevaardigdes |
| 19-20 | Oktober | Streek | **Oostewal**, Nuwe Bestuur |
| 22-23 | November | Kerskamp | **Mountain Breeze**, Voorsitter, Jeug |




## Verjaarsdae

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Januarie** | | | | | |
| 4 | Elouise Toerien | 8 | Theresa Scheepers | 25 | Jutta Louw |
| 5 | Melanie van Zyl | 12 | Hanna Goslett | 27 | Paul Steyn |
| 6 | Neel Nigrini | 12 | Johnnie Louw | 28 | Herman Gerber |
| 7 | Leoni Kearney | 18 | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Februarie** | | | | | |
| 13 | Marieta Gerber | 14 | Archie Mitchell | 15 | Pierre Basson |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Maart** | | | | | |
| 8 | Paul Marais | 17 | Henietta Beukman | 27 | Belinda Erasmus |
| 16 | Maree Basson | | | 31 | Adri Havenga |



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **April** | | | | | |
| 1 | Barend Hagen | 20 | Johan Havenga | | |
| 4 | Annette Mitchell | 24 | Faul Retief | 29 | Jenette Heineke |
| 12 | Adrie Retief | | | | |

## Jeug Verjaardae

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Januarie** | | | | | |
| 2 | Cara van Zyl | 16 | Alicia Havenga | 29 | Kevin Williams |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Februarie** | | | | | |
| 11 | Rouxle Marais | 17 | Gerhardus Theron | 26 | Gustav Schillig |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 14 | Kristie Goslett | 20 | Madeli Kruger | | |

| **Maart** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 9 | Anton Augustyn | 20 | Grant Williams | 24 | Larissa vd Westhuizen |
| 11 | Gertjie Havenga | 23 | Rosie Rowe | | |

| **April** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4 | Pieter Henning | 18 | Neal Lategan | 29 | Bertus Louw |
| 11 | Anche Louw | 20 | Zach Lategan | | |
| 18 | Nandi de Kock | 21 | Thome Bestbier | | |

## Lief en Leed

### Lief:

Andre en Ellen Swanepoel – geboorte van hul seun Damien op 25 Februarie 2012
Theuns en Liefie De Bruyn met julle nuwe woonwa



Fanie & Alet met Rene se verlowing.
Pieter & Karin Henning- nuwe sleepvoertuig.

### Leed:

Oom Barend Hagen se suster is oorlede.
Andre Schillig se ma is oorlede.
Johhny Louw se Pa is in die hospital, baie swak en sterk aan.
Piet Steyn is deur ‘n hond aangeval.
Oom Dave Griesel se neef is opslag dood in frats motorongeluk.
Tannie Betty Reinke se broer is oorlede.
Koos & Hendrienna Oosthuizen se motor is gesteel.
Tannie Joan Foster gaan vir skouer operasie.
Alex Foster het sy woonwa se venster in sy peetjie gery.

# Leer ken ons mede Suidwes-Kaap lede

*Deur Fanie Strydom.*



Ek het grootgeword in Mosselbaai en toe ek begin werk het, as klerk op die Spoorweg, is ek verplaas na die Oosrand toe. (Springs). Daar het ek 'n oulike girl ontmoet wat nog op skool was en gou gou was ons twee goeie vriende. Alet het haar hele lewe in Springs gebly, maar is gebore in Cederville.

Ons het so 'n jaar of twee uitgegaan en is in 1971 getroud, 'n maand nadat ons verloof geraak het. Almal het natuurlik gedink daar is iets aan die gang, omdat ons so gou getrou het, Maar hulle moes 13 jaar wag voordat Rene gebore is en twee jaar later vir Karin.

Ons het vroeg in ons lewe begin te kamp, maar met ons familie en vriende. Baie kere het ons in die kamp die Sawa klokke hoor lui en dan gese dat ons nooit by 'n klub sal aansluit nie, want elke keer as die klok lui is almal op koers someplace heen. Min het ons geweet dat ons in 1991 sou aansluit by Sawa Suidwes-Kaap en nooit weer sal terugkyk nie.

In elk geval, ek en Alet was nie altyd so rond en gesond soos ons nou is nie! Alet se bynaam was "Twiggy" omdat sy net vel en been was. Gelukkig het sy my ontmoet om mooi na haar te kyk.

My bynaam wat my vriende my later gedoop het in die Transvaal was Boeps en ek hoef seker nie te verduidelik hoekom nie. Vandag dra ons Voertuig, Karavaan en Trailer die name.

Ons het die ou Transvaal geniet, maar toe die geleentheid in 1990 kom om te trek Kaap toe, het ons dit met altwee hande aangegryp.

Die werk was maar vol dinge, maar Rene, ons oudste het eendag vir ons gesê dat sy eendag haar pa se werk "meetings" wil doen. Want ek was dag en nag in vergaderings om die fabriek reg te kry.

Ons het vriende by die kinders se skool ontmoet hier in Parow en is toe voorgestel deur John Fox hier in 1991 aan die SAWA kamplewe. (ons eerste kamp was by Leentjiesklip) Dit was vir ons en die kinders 'n aangename verrassing om te sien hoe mense van verskillende agtergronde so lekker kan saamkamp.
Ons is baie lief vir Kamp, die buitelewe, om met vriende te kuier. Vriende is baie belangrik vir ons en ons geniet hulle almal terdee.Van Kanada tot in die Kaap.
Ek probeer om elke naweek so 'n bietjie vis te vang en ook om Alet 'n kansie te gee om haar eie ding te doen. Kosmaak is altyd in ons gedagte en maak basies enige disse wat net lekker is. Kyk nie na die kilojules nie. Dit is Karin, ons jongste wat gereeld lekker gesonde kos vir ons maak. Ek en Alet spandeer tyd in ons tuin. Alet met haar struike en ek met my Herb/groente tuin. Plant enigiets wat voorkom ook in enige houers of plek. Het tot een van Alet se ou fietse in die tuin en kruie en tamaties bo op en onder die fiets geplant.
Ons geniet SAWA kampe, net jammer dat ons nie so gereeld kan kamp nie. Maar nou dat ons Loersies is, kan dit miskien verander. Een van die kampe wat uitstaan in ons gedagtes is waar ons en Swaer Jan in Tulbagh gekamp het in die winter en dit toe gesneeu het. Flip, dit was baie koud. Ons manne het natuurlik stokstyf daardie aand voor die vuurtjie gesit en 'n soetetjie onder andere gedrink.
'n Ander hoogtepunt was 'n kerskamp by Van Zyls Rus toe ons almal soos Zoeloes aangetrek was, swart besmeer met poletoer en baie warm gekry het. Arme Bennie was toe Kersvader en moes in daardie hitte binne in die pot sit waarom ons gedans het.
Ons geniet SAWA en is baie dankbaar dat ons so 'n groot familie in Sawa vriende het.

Hoor my lied!!!!!, soos Paul sou sê of miskien Pa se Perd!!!!!!!!

**Dankie Fanie xxx**



# Baviaanskloof – Oktober 2011 – deur John Mitchell

Baviaanskloof is ‘n natuurbewaringsgebied in die Oos-Kaap wat net buite Willowmore begin en by Patensie eindig. Ek en Agnes met twee van ons vriende het verlede jaar Oktober besluit om deur die gebied te ry. Nadat ons die naweek by Skurwekop saam met Sawa se sateliet streek gekamp het, het ons vir Geoff en Mary-Ann die Maandagoggend op Robertson ontmoet.
Op Oudtshoorn het ons ons laaste voorrade aangekoop, en vertrek na Willowmore, waar ons diesel ingegooi en probeer reël het vir permitte. Daarvandaan vertrek ons na Baviaanskloof. Die eerste gedeelte van Baviaanskloof is nog meestal boerdery gebied. Nie lank na die indraai na Baviaanskloof het ons oor die Nuwekloofpas gery, wat baie interessante rotsformasies het. Die eerste aand het ons by Populiersbos oorgeslaap by die bekende Makkedaat grotte.




Kamp is baie basies, donkie gestook vir warm storte. Die volgende oggend het ons vertrek, met die doel om binne die Natuurbewaringsgebied te slaap. Ons het by Doringkraal aangekom, ‘n lieflike kampplek met al die gewone kampgeriewe. Beslis ‘n oorslaap werd, maar aangesien dit nog vroeg was, het ons besluit om verder te ry.



Kon net ‘n tydelike permit by die ingang van die bewaringsgebied kry en het besluit om deur te druk na Kondumo. Oor 3 bergpasse, Grasnek, Holgat, en Combrink, deur verskeie waterstrome en smal tweespoorpaadjies gery met lowergroen plantegroei in die hele gebied. Laatmiddag arriveer ons by Kondumo. Wat ‘n lieflike kampterrein, met al die nodige geriewe. Bly twee nagte en besoek die Kougadam. Op Kondumo, kry ons permitte om in die bewaringsgebied oor te slaap en die volgende oggend

vertrek ons weer terug oor al die passe en deur al die rivierstrome en na 'n bietjie drama met die kodes vir die toegangshekke slaap ons oor by Rooihoek waar ons 'n pragtige uitsig het oor die Kouga rivier. Al wat die kampterrein bied is n 'longdrop'.
Die volgende oggend neem ons afskeid van Geoff en Mary-Ann en keer huiswaarts via Victoria Baai.
Vir die natuurliefhebber is Baviaanskloof beslis 'n besoek werd.




## Kampverslag: Vrugtekamp by Ou Skip (Jan 12)

*Deur: Niël en Rozél Goslett.*



SAWA Suidwes-Kaap se vrugte- en fiets-fees het nou al 'n gereelde instelling geword. Net soos ons Skimkampe en Kerskampe.
Hierdie jaar is geen uitsondering nie en die kamp was die naweek van 20 tot 22 Januarie 2012 te Ou Skip in Melkbosstrand gehou in baie lekker somerweer. Soos met die Skimkamp trek die vrugte- en fiets-fees ook van ons mede Sawanante uit ander streke wat lekker saam kuier.

**...gou 'n hele paar spanne deelnemers...**

Ons spanne – sommige met baie oulike name – moes bestaan uit 'n Loerie (senior), 'n junior en nog twee lede. Sommer gou was daar 'n hele paar spanne deelnemers. Die graswal was weer vol toeskouers.



**Paul Steyn konsentreer hard om die lekker op die stokkie te balanseer.**

Die speletjies is weer deur Pieter Henning en sy span uitgelê. Van die items was fietsry tussen die toue vir die wat mooi kan balanseer, sakkie gooi vanaf jou fiets, waterbottels ruil tussen twee dromme. Die laaste item klink makliker as wat dit is. Dan was daar ook eiergooi en lekkers met 'n "lepel" resies. Op die foto kan julle mooi sien hoe daar gekonsentreer was om die lekkers op die "lepel" te hou. Paul het omtrent sy tong afgebyt soos hy konsentreer. Daar was bewerings van wondergom, maar niks kon bewys word nie.

Met die eiergooi het die spanne van Barry en Karin Goddard van Helderberg baie mooi gevaar. Hul konstante goeie deelname het hulle uiteindelik in die derde plek geplaas.

Pieter Henning, Petrus Theron, Paul Steyn en Engela McDonald se span die uiteindelike wenners. As ek die name so kyk was Pieter seker die jeuglid en Paul die Loerie lid... Ag wat, dit bly lekker.

Net na afloop van die fietsfees was die vrugtefees. Oom Barend Hagen was weer op sy pos en het die waatlemoene en spanspekke soos gebruiklik geslag. Dit het nie lank gevat voor die eerste waatlemoen skywe skoon geëet was en gereed was vir die "smeergeveg" nie. Die "regulars" vir die smeergeveg was weer daar en jy moes maar bontstaan as jy nie gesmeer wou wees nie. Dit was 'n geval van gryp, eet en staan eenkant toe – weg van die slagveld.



**Wat is 'n Vrugtefees sonder waatlemoen smeer? Hier is Karin Augustyn en Petrus Theron besig om vir Pieter Henning te smeer dat die sop spat.**

Die naweek het ook die eerste wenners van die lootjies van die oud-voorsitterstoer opgelewer. Hannes Schlechter het 'n bottel brandewyn gewen en Carla Smit en Rozél

Goslett 'n bottel wyn elk. Met die oud-voorsitters wat so woel ter voorbereiding van die Suidwes-Kaap oud-voorsitterstoer na die SAWA kongres in September, beloof dit om 'n onvergeetlike toer te wees. Johan Oosthuizen, Peter Hardcastle en Dennis Mitchell is hard aan die werk vir fondsinsamelings vir die toer.

**...ons samehorigheid word bevestig...**


Hierdie vrugte- en fiets-fees bly maar 'n lekker afskop vir die nuwe kamp-jaar wat die samehorigheid tussen die SAWA lede baie lekker aanwakker en bevestig. Lekker skoon pret en 'n smaaklike vrugte ete daarby.

Die jaar beloof om Suidwes-Kaap mooi te belyn vir die toekoms. Ons lede bring van hul vriende om te kom saamkamp en daar is reeds 'n paar van hulle wat aangesluit het. Ons SAWA vriendekring is besig om lekker te groei.

## Kampverslag: SKIMM KAMP Bridgetown 2012



Wel vir almal was nie by die Skimm kamp was nie, hier is die uitsig, Julle het 'n wonderlike warm naweek vol pret misgeloop..
Die SKIMM word bekend gemaak en wie anders as die twee wat die naweek gereël het.

Melicia & Hanlo Engelbrecht. Hier is al die sonnebokke by mekaar. Lyk hulle twee dan nou nie so skuldig nie.
Julle het ons almal regtig om die bos gelei. Maar wag maar ons sal julle kry.
Baie dankie aan die hele span, Paul, Isabel, Elmarie, Melicia,Hanlo, Faul & Adri vir al die harde werk.

## Toekennings is deur Pieter Henning uitgegee aan




Gerhardus Theron 30 streek    Theuns & Liefie De Bruyn – 10 streek.




Tommy & Yolanda Bestbier—Verdienste    Juan & Christina van der Westhuizen—Verdienste




Piet & Antoinette Steyn- verdienste    Gerrit & Ilona Bruwer 90 Streek Verdienste en Streek ere Hoergraad.





Faul & Adri- 20 Streek.  Mia & Nellius Louw-verdienste Louise & Dennis Mitchell 225 streek





Alex & Joan Vorster 190 Streek verdienste    Hendrienna en Koos Ooosthuizen & Bennie Pienaar –

## Kampverslag:Oostewal (21 – 24 Maart 2012)

*Deur Johan en Ohna*

Nou's kamp eers lekker, die dat mens sommer al die Woensdag kan gaan kamp. Ons is al Woensdagmiddag by die huis weg, maar het eers 'n draai in Veldrift gaan maak voor ons Donderdag by Oostewal opgedaag het.

Dit was 'n seniorkamp van Woensdag af, en daar was al 'n hele paar lede toe ons daar opdaag. Tommie, Frikkie, Piet en hul families het toe ook al 2 weke daar gekamp. Donderdagaand het elkeen maar so saam met vriende 'n vuurtjie opgesteek en lekker saam gekuier. Vrydagoggend het die meeste Loeries wat al daar was, heerlik saamgekuier om die gaspotte met 'n ontbyt.

Daar was algehele verwarring oor waar ons nou eintlik staan, maar eintlik het die probleme eers Vrydag begin toe die lede begin inkom, maar met bietjie kopkrap en die miskyk van 'n kruis of twee op die kaart, het ons almal netjies ingepas. In een van die lane het ons 15 lede ingekry op 8 staanplekke. Baie mak skape gaan mos in 'n kraal.

Vrydagaand se Boekevat was waargeneem deur Tannie Hanna Goslett waarna Oom Dave almal welkom geheet het. Na Boekevat het almal maar hul vuurtjies opgesteek en lekker saam met hul vriende gekuier. Die dae was heerlik en saans het daar so 'n ligte windjie opgekom en elke keer 'n bietjie koue saamgebring sodat party lede maar 'n warm dingetjie in hul woonwaens moes gaan soek.

Saterdagoggend wou van die lede al vroeg begin inbetaal want hulle wou die plaaslike NG Kerk se basaar gaan ondersteun . Daar was onder andere lekker wors en vleis verkoop en van die lede het hul koelkassies weer volgemaak in hul woonwaens. Tydens inbetaling het daar ook twee looitjielyste geloop en ons lede het beide looitjielyste goed ondersteun. Ek wil dan ook sommer vir al ons lede dankie sê vir hul pragtige ondersteuning met ons fondsinsameling vir die Oud-Voorsitters Toer na die Kongres in September.

Saterdagvoormiddag het die Loeries asook Oom Dave se voogdegroep weer ingespring en pannekoek gebak vir die vale. Van die pannekoeke het 'n hoendervulsel, ander weer 'n kerrievulsel en ander net die kaneel/suiker mengsel. Die ander lede het weer poeding geskep en verkoop en ook hier was die ondersteuning van lede fantasties.

Saterdagmiddag was daar 'n "Pro 20" op die strand en volgens wat ek van die organiseerdes kon aflei wou hulle agterna 'n Kommissie van Ondersoek laat aanstel om die "Empires" se beslissing te ondersoek. Dankie aan Theuns en Joannine vir die reelings van die krieket. So 'n bietjie sport(s) is mos net reg om die moraal hoog te hou onder die lede.





Die Seemeeue teen die Strandlopers en "een span gewen en een span verloor". Goeie opmerking Juanine! Wel, niemand is met leë hande weg nie en elkeen van die deelnemers is by Sondag se Voorsitterstee met 'n stokkielekker beloon.

Saterdagaand se Boekevat was waargeneem deur Louise en 'n pragtige boodskap is aan ons oorgedra. Na Boekevat het almal lekker saam gekuier en gebraai en natuurlik moes 3 lede se woonwaens weer versier word. Paul en Isabel se meubels onder hul woonwa se afdak het heeltemal op hul eie rondbeweeg en 'n tafel gedek reg voor die woonwa se deur met 'n vuurtjie wat gepak was op die tafel, net reg om aangesteek te word, en 'n "mannetjie" wat vir hul terugkoms gewag het. Fanie en Alet se tafel was ook gedek en die sleepwa mooi onder die afdakkie geparkeer. Met hul terugkoms was Alet 'n bietjie kwaad want hul tafel was nie so mooi gedek soos Paul hulle se tafel nie. Theuns en Liefie het dit gewaag om 'n bietjie vroeg te gaan slaap en moes hulle die Sondagoggend ontdek dat iemand hul woonwa ook 'n bietjie verfraai het met toiletpapier en 'n mooi paadjie wat uitgepak was met hul meubels. Ai, dit is wat kamp so lekker maak saam met jou vriende.

Sondagoggend was kerk al om 8.30vm, want Ds. Kobus de Kock moes nog by sy eie gemeente preek. Sommige van ons het dit sommer pajama kerk genoem, want dis darem vroeg.
Ieder en elk kon iets van Ds. de Kock se pragtige boodskap huistoe neem. Een voordeel van die vroeë kerk was dat voorsitterstee vroeg klaar was. Almal kon toe nog 'n lekker vleisie braai voor die oppak. Wat 'n heerlike naweek.



by Voorsitters tee is Ian en Leonie Kearney is as nuwe lede ingelyf:

# Kopkrapblad

**Niemand het gekla oor die vorige Sukkel-Sukkel nie, so hier is weer een vir die ou Suduko hande. Onder is een vir die jeug.**

Sukkel - Sukkel

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | | 1 | | 1 | | | 6 | |
| | | | | | | 7 | | 9 |
| | 8 | | | | | 5 | | 8 |
| | 1 | 2 | | | 7 | | | |
| 8 | | 6 | 3 | 9 | 6 | | | 4 |
| | | | 1 | | | | | 6 |
| 9 | | | | | | | 1 | |
| | | | | | | | | |
| | | 8 | | 8 | 9 | 8 | | 5 |

Jeug

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 3 | 2 | 6 | | | 5 | | 4 |
| 1 | | | | | | 7 | | |
| | | | 4 | | 9 | | 3 | |
| | 6 | | | | | 3 | | 2 |
| | | | 1 | | 4 | | | 8 |
| 4 | | 9 | | | | | 6 | |
| | 2 | | 7 | | 6 | | | |
| | | 5 | | | 3 | | | 7 |
| 3 | | 7 | | | 2 | 6 | 5 | |

# Kleuterhoekie

**Hallo………………………………… (skryf asseblief jou naam)**



**Lekker inkleur**

**Bring asseblief saam kamp toe. Daar is 'n prys te wen.**

# Ons het ons kind verkoop.




Ek en Engela het na vele wik en weeg besluit om ons Jurgens Fleetline XL en ons Ford Courier bakkie te verkoop en 'n motorwoonwa of ryhuis te koop.

Ons eerste kamp met ons Fleetline was 26/27 Februarie 1994. Daarna het vele kampe saam met Sawa Suidwes Kaap gevolg.

Toe Hugo en Janus nie meer gereeld kom saamkamp het nie, het ons Johannes Knipe gevra om die binne uitleg van die woonwa te wysig. Johannes het toe die 2 enkel beddens verwyder en vir ons 'n baie gerieflike hoekbed ingebou. Toe het die woonwa eers lekker gekamp!

As mens 'n woonwa vir 18 jaar besit het, word dit so deel van mens. Dit het omtrent gevoel soos om 'n kind te sien wegry, wetende jy gaan hom nooit weer sien nie.

Ons is nog besig om te soek na 'n bekostigbare ryhuis en glo dat ons dit net so baie soos ons woonwa sal geniet. Nuwe herinneringe sal weer opgebou word.

Baie dankie vir al Suidwes Kaap se lede se vriendskap en ondersteuning oor die jare. Hopelik gaan dit voortgesit word al het ons 'n ryhuisie. Dankie aan Johan en Ohna wat hulle tent intussen vir ons beskikbaar stel.

Kampgroete,

John en Engela McDonald

# Sleepresepte

## BEESSTERTPOT MET ROOIBOSTEE

**Jy benodig**

- **2 eetlepels gesoute botter**
- **4-6 repies gesnipperde spek**
- **1 middelslag –ui fyngeknap**
- **1-1/2 preie, in dun ringe gesny**
- **1 stingel seldery,klein gesny**
- **4-5 knoffelhuise, gekneus**
- **2 kg beesstert**
- **8 blommetjies blomkool**
- **1 teelepel mosterdpoeier**
- **1 teelepel braai sout**
- **½ pakkie beesstertsop.**

**1 medium aarteppel gerasper**
**2 groot wortels- ½ gerasper**
**die res in blokkies gesny**
**2 liter sterk rooibostee**
**'n hand vol groenbone, gekerf**
**12-15 potjiekosaartappels met skil**
**2 teeleppels bruinasyn**
**5-6 skutte worcestersous**
**1 pakkie kitsertjiesop**
**½ koppie vars room.**

**SO MAAK JY**

1.Verhit die botter in No 4 potjie en soteer die spek, ui,prei, seldery en knoffel. Hou eenkant en braai beesstert tot bruin.
Voeg nou gebraaide groente by.

2. Sit nou asyn, worcestersous, mosterdpoeier en braaisout by. Dan gerasperde aartappel en wortelblokkies. Bedek met rooibostee en prut liggies.

3. Maak beesstertsop met teewater aan en gooi dit by die pot. Sit boontjies en aartappels by en kook tot sag. Voeg nou die gerasperde wortels, kool by. Verhit tot kookpunt en laat dit dan prut tot sag.
Maak die ertjiesop met teewater en voeg dit by.
Kook vir n paar minute en voeg room by.

Die rooibostee gee die resep daai onherkenbare smaak. Gooi tee soos benodig terwyl jy kook, en bedien met rys.

Geniet dit Fred Scheepers, Lyttelton.

# Insette van ons lesers.



Enige kommentaar / insette? Gee dit sommer in op die voorstelle strokie tydens 'n kamp.

**<u>Vir die Voorstelle kissie:</u>**

My voorstel is: ……………………………………………………………………….
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………

Ek hou van: ………………………………………………………………………….
…………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………

Ek hou nie van: ………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………
…………………………………………………………………………………………

## Step out in style. Steppie in styl


**While stepping out, take a step in the right direction and put your best foot forward. And when you step back in, step right back with ease!**
**We now use the "Step Eezi" and find that this is the best step we have taken!**



**With the feet that have non-slip rubber pads attached to them on the underside, there is no way that you can slip and hurt yourself. We can now step out of the caravan, even at night, with confidence, and not miss a step.**



**OM TE BESTEL Kontak**
**Die Engelsman RON op 083 497 5034**


experience His beauty
BUSH LAPA
4x4 Caravans & Trailers
023 347 4333
10 MINUTE OP- EN AFSLAAN | 2,3 EN 4 BED BESKIKBAAR | KOMPAKTE ONTWERP | LIGGEWIG, VAARTBELYN EN ROESBESTAND
www.bushlapa.com





Akkommodasie in ruim plaasgeriewe. Kom kuier en ontspan op 'n Swartlandse koring en wingerdplaas, 14 km vanaf Malmesbury op die R45 - rigting Hopefield / Vredenburg.





# Rondomskrik

Nelius & Mia Louw
Tel: 022 482 2852
E-pos: calouw@telkomsa.net